

Aswoensdag en Lydenstyd

Lydenstyd strek hierdie jaar vanaf Aswoensdag (22 Februarie) tot Stil Saterdag (8 April), die dag voor Opstandingsondag. Indien die Sondae in hierdie tyd uitgesluit word, is dit 'n tydperk van 40 dae, dieselfde aantal dae wat Jesus in die woestyn deurgebring het. Sondae was nog altyd vieringsdae vir die kerk en daarom nie deel van die vastyd van Lydenstyd nie.



Lydenstyd help ons om die ware betekenis van Jesus se opstanding (oorwinning) te begryp omdat ons onself herinner aan Sy lyding wat dit voorafgegaan het.

Lydenstyd begin op Aswoensdag. Op hierdie dag is die gebruik dat ons spesifiek nadink oor ons sterflikheid en ons sonde. Aswoensdag, en Lydenstyd wat daarop volg, is tradisioneel 'n tyd van geestelike vernuwung in die lewe van gelowiges en gemeentes.

Een algemene gebruik in die kerk tydens Lydenstyd is VAS. Dit behels dat ons ons weerhou van sekere voedselsoorte (bv. vleis, koffie), lekkernye (bv. sjokolade, alle suiker) of aktiwiteite (koerant lees, TV kyk). Op hierdie manier identifiseer ons onself met Jesus se lyding en "waak" ons saam met Hom. Wanneer ons dit doen, verskerp dit ons belewenis van Jesus se lyding en uiteindelik ook van sy opstanding en oorwinning.

Aswoensdag: In die ou tradisie is die palmtakke wat tydens die vorige jaar se Palmsondag erediens gebruik is iewers gebêre. Net voor Aswoensdag word hierdie takke verbrand. Op Aswoensdag het gelowiges dan vroegoggend bymekaar gekom en met die duim 'n kruis-merk met die as op mekaar se voorkoppe gemaak. En so begin die reis na Pase elke jaar.



Christene het deur die eeue Lydenstyd gebruik as 'n innerlike reis van selfontdekking en geestelike verdieping en vernuwung totdat die nuwe mens op Opstandingsondag saam met Jesus deur die dood breek.

Dit is 'n 40-dae-reis van sterf en weer begin, van dood en opstanding. Lydenstyd is 'n geleentheid om jou begeerte na God aan te wakker, om nader te groei aan Jesus Christus.